INLEIDING

Die Oos-Kaapse Dobbel- en Weddenskapperaad is ‘n statutêre liggaam wat deur artikel 3 van die Wet op Dobbelary en Weddenskappe, 1997 (Wet Nr. 5 van 1997) (Oos-Kaap) (soos gewysig) geskep is.

Voor 1997 het selfgereguleerde casinos bestaan in daardie gedeeltes van die Provinsie wat die voormalige Republieke van Ciskei en Transkei uitgemaak het. In die res van die Provinsie was weddenskappe op perdereisies die enige wettige vorm van dobbel.

Die Wet op Dobbelary en Weddenskappe, 1997 (Wet Nr. 5 van 1997) (Oos-Kaap) is gedurende Julie 1997 gepromulgeer. Dié Wet het vir die bestaan van die Raad voorsiening gemaak en het die betrokke Wette in ooreenstemming gebring sodat alle vorms van dobbel wat in die Wet beoog is in die hele Provinsie toelaatbaar gemaak is, onderhewig aan die behoorlike lisensieering daarvan.

Die Raad reguleer die volgende vorms van dobbel:

- Casino dobbel
- Weddenskappe op perdereisies en sportbyeenkomste

Voorsiening word ook in die Wet gemaak vir:

- Bingo
- Beperkte uitbetaling dobbelmasjiene (roete- en perseeloperateurs)

VISIE

Die visie van die Raad is om ‘n geagte wêreldklas regulator te wees wat verantwoordelik verseker dat die optimale sosio-ekonomiese voordele en bemagtiging aan die mense van die Oos-Kaap bekom word deur ‘n professionele, doeltreffende en effektiewe diens te lewer.

DOELWITSVERKLARING

Om ‘n lewensvatbare, regverdige en agbare dobbelbedryf vir almal wat in die Oos-Kaap ‘n belang het of daarby geraak word te skep en te onderhou deur dit te lisensieer en te reguleer, en die regering te adviseer deur van bevoegte mense en toepaslike middele gebruik te maak.

HOE ONS GESIEN WIL WORD

As regulators in die bedryf volg ons sonder kompromis die doel dat Suid-Afrika in die algemeen, en die Oos-Kaap in die besonder, ‘n uitsonderlike beeld as ‘n dobbeljurisdiksie in die wêreld moet behou.

ONS WAARDES

Die Raad volg die volgende waardes:

- **Styl van bestuur**

  Ons is daarop gemik om ‘n omgewing te skep wat gekaraktiseer word deur integrale deelname, leierskapsinitiatiewe en ‘n selfaangedrewe bestuur waar alle partye goed ingelig en bemagtig word deur betrokkenheid in besluitneming en verantwoordelikheid vir bestuite wat hulle maak.

- **Werksomgewing**

  Om ‘n gesonde, gerugsteenende en veilge werksomgewing vir alle werknemers te voorsien wat bevordelik is met produktiewe werk, wat aanhoudende verbetering erken en beloon in die bereiking van ons mede-aanvaarde doelwitte. Hoë standaarde van etiek word van werknemers verwag wat doelwitgerig, professioneel en medeaanvullend in die uitoefening van die verwagte dienste moet wees. Erkenning en beloning word geag terwyl goeie werkgewer/werknemer verwantskappe, insluitende geslagsensitiewe en gelyke behandeling in die algemeen, onderhou word. Aanhoudende verbetering en die beveiliging van bates word van alle werknemers verwag.

- **Kwaliteitsdiens**

  ‘n Verbintenis om betyds ‘n koste-effektiewe en gehalte diens te lewer op ‘n vertroulike, doeltreffende en professionele manier tot die bevrediging van ons kliënte. Werknemers moet objektiwiteit, opregtheid en deursigtigheid in die diens van ons klandisie aantoon. Die bestuur moet te alle tye toeganklik, agbaar en getrou aan die Raad wees, sowel as toerekenbaar en moet aanhoudend streef vir verbetering deur navorsing en ontwikkeling.

- **Kommunikasie**

  Alle kommunikasie sal op ‘n doeltreffende, effektiewe, doelmatige en tydige manier gedoen word. Kommunikasie sal betroubaar wees en sal as konfidensieel behandel word.

- **Bemagtiging**

  Bemagtiging sal bereik word deur die opleiding en ontwikkeling van werknemers om die bevoegdheid van die menslike hulpbronne te bevoordeel en om veelvoudige bekwaamhede te voorsien om dus ‘n instaatstellende omgewing te bewerkstellig. Komersiële billikheid sal bevorder word om verskaffers en lisensiehouers wat voorheen benadeel is, te bevoordeel.

STRUKTUUR EN FUNKSIES VAN DIE RAAD (ARTIKEL 14(1)(a))

Die Raad

Die Raad bestaan uit agt lede wat deur die LUR vir Ekonomiese Aangeleenthede aangestel is en soos volg opgemaak word:

- Een lid wat ‘n regspraktisyn is
- Een lid wat ‘n gekwalifiseerde geoktrooiderekenmeester is
- Een lid wat aangestel is uit hoofde van sy/haar kennis en aktiewe betrokkenheid in die toerismebedryf
- Een lid wat die Departement van Ekonomiese Aangeleenthede, Omgewing en Toerisme van die Provinsie: Oos-Kaap verteenwoordig
- Een lid wat die Departement van Finansies, Provinsiële Uitgawe en Bestuursdienste vir die Provinsie: Oos-Kaap vertweenwoordig
- Een lid wat die Departement van Veiligheid en Skeuriteit van die Provinsie: Oos-Kaap verteenwoordig
- Een lid wat aangestel word weens sy/haar kennis en deskundigheid op die terreine van welsyn of gemeenskaps- of sosio-ekonomiese ontwikkeling
- Een lid wat die belange van die gemeenskap in die algemeen verteenwoordig
- Die Hoofuitvoerendebeampte, wie ‘n *ex officio* lid van die Raad is

Die Raadslede se hoofverpligtinge is om:

- Bedryfsbeleid voor te stel
- Toesig oor die verrigtinge van die Raad

Sekretariaat

Die implementasie van die bedryfsbeleid word deur die toegewyde personeel, wat soos volg ingerig is, uitgevoer:

- **Kantoor van die Hoofuitvoerendebeampte**

  Bestuur van die werksaamhede van die Raad.

- **Regsaangeleenthede Afdeling**

  Ontvangs en prosesering van aansoeke, versekering dat lisensiehouers aan alle wetsbepalings voldoen, ondersoek van oortredings van dobbelwette en skakeling met regstoepasagentskappe, lewering van regsdienste aan die Raad.

- **Finansies en Administrasie Afdeling**

  Lewering van finansiële en administratiewe hulpdienste.

- **Interne Oudit Departement**

  Lewering van interne oudit funksie van die Raad.

- **Personeel en Administrasie Departement**

  Bevordering en instandhouding van werksverwantskappe.

- **Inligtingstegnologie**

  Die ontwikkeling, instandhouding en onderhoud van bestuursinligitingstelsels.

SKEMATIESE DIAGRAM VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE OOS-KAAPSE DOBBEL- EN WEDDENSKAPPERAAD



KONTAK BESONDERHEDE (ARTIKEL 14(1)(b))

Inligtingsbeampte:

Mnr Gonza Mati: Hoofuitvoerendebeampte	gonzam@ecgbb.co.za

Adjunk Inligtingsbeamptes:

Adv. Keith Harvey: Hoof: Regsaangeleenthede	keithh@ecgbb.co.za
Mnr. Chris Guest: Hoof Finansieële Beampte	chrisg@ecgbb.co.za

Algemene Inligting:

Fisiese Adres	Quenera Park Quenera Drive Beacon Bay **OOS-LONDEN** 5201
Posadres	Posbus 18304 **QUIGNEY** 5211
Telefoon	+27 (43) 702-8300
Faks	+27 (43) 748-2218
Webperseel	www.ecgbb.co.za

DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMISSIE OP MENSEREGTE GIDS (ARTIKEL 4(1)(c))

'n Gids in alle amptelike tale van die land is deur die Kommissie op Menseregte opgestel. Die gids omvat, onder andere, die doel van die Wet op Toegang tot Inligting, kontak besonderhede van verskillende privaat en publieke liggame en hul kontak besonderhede, bystand wat beskikbaar is van die Kommissie op Menseregte en inligtingsbeamptes van openbare liggame, hulpmiddels wat geregtelik beskikbaar is vir nie-nakoming van die Wet op Toegang tot Inligting en Prosedures vir die verkryging van inligting ingevolge die Wet op Toegang tot Inligting.

Die gids is beskikbaar vanaf:

Die Suid-Afrikaanse Kommissie op Menseregte

Posadres	Privaatsak 2700 **HOUGHTON** 2041
Telefoon	+27 (11) 484-8300
Faks	+27 (11) 484-1360
Webperseel	www.sahrc.org.za

DOKUMENTASIE WAT DEUR DIE RAAD GEHOU WORD (INSLUITENDE VERTROULKE DOKUMENTASIE) (ARTIKEL 14(1)(a))

- Aansoeke vir lisensies en registrasies
- Raadsondersoekverslae
- Gespreksdokumente van die Raad, Notules en Resolusies en verslae (skrifstukke/aanteke ninge?) van vergaderings gehou
- Finansiele state van lisensiehouers
- Finansiele state van die Raad
- Statutêre verslae en inligting wat deur lisensiehouers verskaf word
- Toesigverslae
- Memorandums op regsvoorstelle
- Korrespondensie aangaande sekere aangeleenthede met:
    - Die Agbare LUK
    - Lisensiehouers
    - Geregistreerdes
    - Staatsinstansies
    - Die publiek
    - Die provinsiale en nasionale regering
- Regsadvies wat ingevorder is van Prokureurs and Advokate
- Navorsingsdokumentasie op dobbelaangeleenthede
- Die Wet, Regulasies en Reëls
- Lyste van persone wat van dobbel uitgesluit is
- Dobbellisensies
- Besonderhede van geregistreerdes en lisensiehouers
- Besonderhede van geregistreerde dobbeltoerusting
- Aansoeke en goedkeurings ingevolge die Wet en lisensievoorwaardes
- Ander inligting van die soort wat deur ‘n dobbel regulator gehou word of wat in die Wet, Regulasies of Reëls beoog word
- Ander inligting van ‘n algemene administratiewe aard

AUTOMATIESE BLOOTLEGGING (ARTIKEL 14(1)(e))

- Afskrifte van dobbellisensies wat deur die Raad uitgereik is
- Lys van alle gelisensieerde operateurs of entiteite
- Lys van gelisensieerde persele

- Dobbelbelasting wat ingevorder is (vir die dobbelbedryf as geheel)
- Afskrifte van bode en aansoeke wat vir openbare uitstalling bedoel is

PROSEDURE OM DOKUMENTASIE TE BEKOM

- Die aansoeker moet die vorm wat in die Staatskoerant (Staatskennisgewing R187-15 February 2002) uitgedruk is, gebruik.
- Die aansoeker moet aandui of hy of sy 'n afskrif van die dokumentasie wil verkry, of as hy of sy die dokumentasie wil deurlees (ondersoek?) (artikel 29(2)).
- As 'n persoon toegang op 'n sekere manier versoek, sal hy of sy toegang op so manier kry. Tensy geen toegang gemagtig word nie, of toegang op die manier waarop versoek word onredelik is, of sou inmeng met die bedrywighede van die Raad, of die dokumentasie beskadig mag word, of met 'n kopiereg wat nie deur die Staat besit word nie inbreuk sal maak, om praktiese redes nie toegang op die geeisde manier toegang gegee kan word nie, maar wel op 'n ander manier, dan sal die fooi bereken word op die basis waarvoor die aansoeker oorspronklik daarvoor aansoek gedoen het.
- As, benewens 'n skriftelike antwoord op 'n aansoek vir sekere dokumentasie 'n aansoeker ook op 'n ander manier meegedeel wil word van die besluit (bv. telefoon), moet dié ook duidelik aangedui word.
- As 'n aansoeker namens iemand anders aansoek doen moet hy of sy duidelik aandui in watter hoedanigheid die aansoek gedoen word.
- As 'n aansoeker nie in staat is om te skryf of te lees nie of as hy of sy aan 'n ongeskiktheid ly, mag hy of sy mondelings vir die dokumentasie aansoek doen. Die inligtingsbeampte moet dan mondelings die vorm invul en 'n afskrif daarvan aan die aansoeker oorhandig.
- Die aansoeker moet van die voorgeskrewe fooi ingelig word voordat die aansoek om inligting verder geproseseer word.
- Die aansoeker kan 'n interne appél of 'n aansoek van die Hof kry teen die tender of betaling van die aansoekfooie.
- Die aansoeker sal ingelig word of hy of sy toegang tot die inligting gegee sal word aldan nie.

DIENSTE BESKIKBAARD (ARTIKEL 14(1)(f))

Beskerming van die publiek

Beskerming van die publiek is 'n kernfunksie van die Raad. Dit word soos volg bereik:

Versorging van eerlikheid van dobbelaktiwiteite

- Lisensieering van betroubare operateurs
- Die daarstelling en reguleering van standaarde vir dobbeltoerusting

- Goedkeuring en registrasie van dobbeltoerusting
- Registrasie van geskikte personeel wat in die dobbelbedryf werksaam is
- Voortdurende versekering dat lisensiehouers aan die wetsbepalings voldoen
- Registrasie van verskaffers van dobbeltoerusting

Die uitroei van onwettige dobbelbedrywighede

Dit word gedoen om die publiek van oneerlike besigheidspraktyke te beskerm omrede onwettige operateurs nie onderworpe is aan beheermaatreëls wat eerlike besigheidspraktyke daarstel nie.

Konflikresolusie en dobbelaar bystand

Die Raad ontvang en besluit op klagtes wat vanaf die publiek ontvang word rakende dobbelkonflikte en ander dobbelverwante bedrywighede.

Belastinginvordering

Die Raad vorder namens die regering van die Provinsie: Oos-Kaap dobbelbelasting op dobbeltransaksies in.

Maatreëls om verantwoordelike dobbel te bevorder en aangeleenthede van probleemdobbel te verminder

Probleemdobbelaars word in die algemeen gedefinieer as persone wat, tot benadeling van hul persoonlike welstand en dié van hul gesinne en afhanklikes, nie verstandige beheer van hulle dobbelgedrag het nie. Dit is gewoonlik moeilik om probleemdobbelaars te identifiseer omdat hulle gewoonlik probeer om hul probleem te bedek of weg te steek.

Die Raad erken dat dobbel geleenthede besondere risikos vir die mense van die Oos-Kaap inhou. Om dié rede is die Raad besig om maniere uit te dink om mense wat aan dobbelverslawing lei, te help.

Die volgende hulp is beskikbaar aan enige persoon wat ‘n dobbel probleem het:

- **Selfuitsluiting**

  Dobbeloperateurs in die Provinsie het ‘n sisteem van selfuitsluiting ingevolge waarvan ‘n dobbelaar vrywillig kan vra om van ‘n sekere dobbelperseel uitgesluit te word.

  In die alternatief kan persone wat selfuitsluiting soek aansoek aan die Raad doen om op die Raad se uitsluitingslys gesit te word, waarna operateurs hulle van hul persele moet uitsluit.

- **Professionele hulp**

  ‘n Algemene praktisyn kan behulpsaam wees deur mense te verwys na klinieke vir die behandeling van verslawing. Daar is verskillende vrywillige organisasies wat om vrye Raadpleging benader kan word.

  Die Nasionale Verantwoordelike Dobbelprogram het ‘n hulplyn vir die behandeling en raadpleging van probleemdobbelaars. Die Nasionale Verantwoordelike Dobbelprogram hulplyn kan tolvry by 0800 006 008 geskakel word.

Toegang tot dienste

Navrae aangaande die dienste van die Oos-Kaapse Dobbel- en Weddenskapperaad kan aan die Hoofuitvoerendebeampte of aan die hoof van die betrokke afdeling gedoen word.

OPENBARE BETROKKENHEID IN DIE MAAK VAN BELEID EN DIE UITOEFENING VAN MAGTE (ARTIKEL 14(1)(g)).

Die Raad betrek soos volg die publiek in die proses van die oorweging en toekenning van lisensies:

- Openbare verhore word gehou voor die oorweging van aansoeke van lisensies
- Aansoeke om lisensies word gepubliseer in beide die Provinsiale Staatskoerant en ‘n koerant wat in die gebied waarin die betrokke perseel geleë is versprei, in die amptelike taal waarin die betrokke koerant gepubliseer word.
- Alle belangstellendes word uitgenooi om skriftelike vertoë te rig en om aan te dui of hulle mondelings vertoë by die verhoor wil maak.

Lede van die publiek kan ook ter enige tyd vertoë aan die Raad rig oor enige aangeleentheid as hulle van mening is dat dobbelwette verbeter kan word. Die vertoë sal dan deur die Raad oorweeg word, wat dan die Eerbare LUK kan adviseer vir doeleindes van wetswysiging.

Voor wetgewing gemaak word is dit die gewoonte van die Departement van Ekonomieseaangeleenthede, Omgewing en Toerisme en/of die Provinsiale Wetgewer om kommentaar oor voorgestelde wysigings in te win. In die algemeen geld dit ook vir wysiging van die Regulasies en Reëls.

HULPMIDDELS BESKIKBAAR IN DIE GEVAL VAN NIE-NAKOMING (ARTIKEL 14(1)(h))

‘n Aansoeker kan:

- ‘n Appél aan die Raad rig teen die besluit van die inligtingsbeampte

- As hy of sy nog ongelukkig oor die beslissing is, kan ‘n aansoek aan die Hof vir toepaslike hulp gedoen word.